SO LYK DIE "container"-biblioteek nadat AfriSam se personeel dit onder hande geneem het.

AfriSam tot diens van gemeenskap

BIESIESVLEI - AfriSam het weereens getoon dat hulle die belange van die gemeenskap op die hart dra toe hulle besluit het om die Kgoke-Lesaba Skool in Itekeng Noordwes, gehelp het om hulle skool op te gradeer.

Gedurende Junie 2010 het die skool AfriSam versoek om hulp te verleen met die pad wat na hulle skool lei en wat gedurende die reëntyd so erg is dat kinders skaars te voet by die skool kan uitkom.

Tydens AfriSam se ondersoek na die aansoek om hulp, is daar nog verskeie probleem areas gevind waar hulp dringend nodig is, soos 'n behoorlike kombuis, 'n warmwaterstelsel asook 'n koelkamer vir die bederfbare voedsel.

Om hiermee te help is daar twee houers (containers) aan die skool geskenk en een daarvan is omskep in 'n volledige kombuis volledig met 'n vyf gas branderstoof, 'n solar watersisteem asook 'n koelkamer vir die voedsel. Al die maaltye vir die kinders kan nou van hierdie "container"-kombuis voorsien word wat ook omskep is in 'n dienskantien.

Die tweede houer (container) is omskep in 'n biblioteek/boekstoor asook 'n gereedskap stoor. Werknemers van AfriSam het selfs verder gegaan en die boeke behoorlik sorteer in 'n behoorlik geklassifiseerde sisteem vir die kinders/onderwysers.

Selfs die netbalveld is gelyk gemaak sodat die kinders hulle sport behoorlik kan beoefen.